
# DIE BUITER SEEVIER



Gerrie Radlof

# DIE BUITER SEEVIER

*deur*

**GERRIE RADLOF**

*Uitgegee deur*:

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews Strand

2021

## Die Buiter Reeks Verhale

Die voorbladskets is ŉ nuwe ontwerpte voorblad, spesiaal geskep om by die Buiter reeks se tema te pas.
Hierdie boek is die eerste uitgawe in e-boek formaat.

Kopiereg op hierdie verhaal is voorbehou en dit mag nie in die geheel of gedeeltelik herdruk word of versprei word sonder die nodige skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Herdruk sluit in geen vorm van elektroniese of meganiese vorm, bv. deur middel van e-boeke, fotokopiëring, skryf, bandopname of deur enige ander manier vir inligtingsbewaring of ontsluiting. Al die karakters en gebeure in hierdie verhaal is denkbeeldig en het geen betrekking op enige persone, lewendig of dood nie.

DIE BUITER SEEVIER
deur Gerrie Radlof

ISBN 978-1-928498-79-7

Uitgegee deur:
Skatkis Boeke - Uitgewers, Strand Mews, Strand 7140
Suid-Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2021)
Aanlyn winkel: https://panther-ebooks.com
Webwerf: https://www.softcoverbooks.co.za

# OPSOMMING

Lees gerus die opwindende verhale van ŉ man wat ’n merkwaardige dubbele lewe gelei het. Hy word die Buiter genoem. Mense sien hom as die rykste edelman aan die Kaap, die oënskynlik ledige en verveelde graaf Jean de Moreaux. Daar is ook die mooi Rossouw-susters, Jacques, Pierre, Phillip en sy getroue staatmaker, Andre. Hierdie paar getroue vriende wat sy identiteit ken en hom nooit sal verraai nie, ken hom as ŉ onverskrokke waaghals wat ’n onuitblusbare regverdigheidsin het. Die publiek sien die geheimsinnige Buiter as ’n hoflike, adellike en kleurryke nagtelike ruiter. Hy is galant en word gevrees deur skurke. Tussen die hoë adellike kringe word hy hoog geag weens sy geld en status.
In die nagtelike ure kom die Buiter uit die skaduwees. Dan het hy ’n swart gewaad en masker oor sy gesig. Op die rug van ’n swart trippelende hings is hy gewapen met ŉ swaard in sy hand, ’n vlymskerp rapier in die skede van sy saalsak en met sy twee pistole gereed in sy lyfband, is hy reg om enige gevaar aan te durf. As jy mooi kyk sal jy teen die hange van Leeuwberg ’n perd rats tussen bosse en struike deur sien vleg en soms meer as een, as die Buiter en sy bende uit is op jag. Hulle word nie gehoor nie en laat hulle ook nie keer nie. Die Buiter is sonder uitsondering op die toneel wanneer onreg gepleeg word en geen booswig ontsnap aan sy waaghalsige metodes van vergelding nie. Soos ŉ moderne Robin Hood beroof hy die oorryk, ydele hoëlui om aan die armes uit te deel of hulle bende gaan herstel onregte wat gepleeg is teenoor minderbevoorregtes.
Dit is die era waar die klap van flitsende swaarde, pistoolskote en die donderende hoewe van talle perde in die nag gereeld gehoor kan word. Waar die gemeenheid en woordelose wreedheid van skurke met hul pofmoue en fluweel kniebroeke gesien kan word. Dit is die tydperk waar die aristokrasie heers en doen net wat hulle wil, tog kom hulle uiterlik voor as galante, buigende here van die Kaap. Wie egter verdruk of veronreg word deur die aristokrasie, moet gehelp word, maak nie saak hoeveel slotte, soldate of klipmure daar in die Buiter se pad is nie. Saam met sy vriende sluip hulle gereeld diep in die nag deur donker gangetjies, uitoorlê en oorrompel saam wagte en stuur hulle selfs die

ewigheid in, as die noodlot dit so beslis. Hulle nagtelike ritte is altyd vol opwindende aksie, avontuur en vele gevare en nie lank nie dan spat die vonke behoorlik.

In hierdie negende en laaste Buiter verhaal reeks, vertoef ’n invloedryke Franse Edelman aan die Kaap die Goeie Hoop, as gas van die Goewerneur. Dit is algemeen bekend dat die baron die eienaar is van een van die grootste handelsvlote op die roete om die Kaap na die Ooste. Maar wat nie bekend is nie en wat niemand selfs vermoed nie, is dat hy besig is met ’n komplot wat die lewens van honderde niksvermoedende mense bedreig. Toe ’n onskuldige jong burger kort daarna onverwags in hegtenis geneem word, verskyn die Buiter op die toneel. En toe ’n tweede burger vermoor word en ’n derde spoorloos verdwyn, begin die poppe behoorlik dans, want die gemaskerde man op die swart hings stuit vir niks en niemand en sy swaard is ’n ware verskrikking waarmee hy amok saai onder sy vyande...

## UITTREKSEL

Maar Willa wat nog gebukkend oor die skinkbord gestaan het en wat op daardie oomblik orent kom en dus nie dadelik begryp wat aangaan nie, steier terug toe die stuk glas in haar linkerskouer wegsak. Ook sy uiter ’n kreet van skrik en pyn.

Soos ’n verwoede tierwyfie spring Martine op Elmien af. Die hef van die wapen waarmee sy vir Willa getref het, het losgeruk en sy het nou net die een in haar regterhand oor. Sy gryp die verskrikte Elmien aan haar keel en ruk haar hand terug om haar in die bors te steek.

Sy is so blind van die woede dat sy onbewus is van die gestalte wat in die deur verskyn het en met lang tree op haar afstorm. Sy gewaar hom eers toe hy haar arm opsy stamp sodat die wapen eenkant toe geslinger word. Dit verlam haar spiere, want die hou tref haar soos ’n metaalstaaf. En dan klap Jean haar met die agterkant van sy regterhand sodat haar kop op haar nek knak en sy teen die bed terug geslinger word. Sy staalgrys oë blits van bykans onbeheerbare woede. Lam van skrik lê sy roerloos en gluur sy hom aan.

Maar dan tree Jean terug. Reeds het Elmien van die skrik herstel en is sy by Willa waar sy teen die muur leun. Sonder om te aarsel, pluk sy die glasskerf uit haar skouer.

# INHOUD

## Hoofstukke

Hoofstuk 1............................................................Bladsy 8

Hoofstuk 2............................................................Bladsy 15

Hoofstuk 3............................................................Bladsy 22

Hoofstuk 4............................................................Bladsy 32

Hoofstuk 5............................................................Bladsy 39

Hoofstuk 6............................................................Bladsy 51

Hoofstuk 7............................................................Bladsy 61

Hoofstuk 8............................................................Bladsy 72

Hoofstuk 9............................................................Bladsy 85

Hoofstuk 10..........................................................Bladsy 92

Hoofstuk 11..........................................................Bladsy 101

Hoofstuk 12..........................................................Bladsy 114

Hoofstuk 13..........................................................Bladsy 126

# DIE BUITER SEEVIER
## Hoofstuk 1

Die aandluggie waai koel teen die gesigte van die twee mans wat roerloos op hul swart perde sit. Dier en ruiter smelt goed weg in die donkerte tussen die struike. Die enigste beweging is die flikkering van die perde se ore en hul lang sterte wat liggies in die windjie beweeg. Maar selfs dit skep in die nag die indruk van fyn blaartjies wat in die briesie heen en weer ritsel.
Die ruiters is albei in ’n noupassende hemp en broek gekleed. Swart handskoene en sandale bedek hul hande en voete en oor hul oë is swart maskers. Hulle staan teen die helling van ’n lae bult sodat selfs hul donker gestaltes nie teen die lug sigbaar is nie.
Beide luister aandagtig, Dan hoor hulle die geklap van perdepote op die harde wapad, wat vlak voor hulle deur die laagte kronkel. Die geluid kom van Stellenbosch se kant af.
“Dit sal hulle wees Jean,” sê die ruiter naaste aan daardie kant en hy roer liggies met die teuels teen die nek van die swart merrie onder hom, om te verhoed dat die dier runnik.
“Ek hoop so Andre,” antwoord Jean. “’n Mens word styf van die stil sit.”
“Ons sal moet nader gaan om goed te kan sien,” doen Andre aan die hand.
“Te voet dan,” sê Jean. “Ons laat die perde hier bly.”
Hulle glip uit die saal en stap geluidloos teen die bult af tot vlak langs die pad. Agter twee lae bosse hurk hulle en wag geduldig.
Twee gestaltes doem kort daarna uit die donkerte op. Op ’n gemaklike stappie gaan die ruiters ’n paar tree voor hulle verby.
“Dit sal die voorryers wees,” merk Andre saggies op.
Hulle kan die gestamp van perdepote in die dou-klam grond onder hulle voel. Elke sintuig in hulle is skerp en wakker.
’n Groep van sowat twaalf ruiters kom verby. Hulle ry in gelid agter mekaar in die diep waspore.
“Hy is in die middel van die klomp.” Dit is weer Andre wat eerste praat. “Sy hande is agter sy rug vasgemaak.”
“Ek het so gesien ja,” kom dit droog, “onder die perd se maag deur is

sy voete ook vasgebind.”
“Hulle bewaak hom baie streng, of hoe?” meen Andre.
“Dit is weens die onrus in die lug,” antwoord Jean bedaard. “Dit is die gevolg van onreg en geweld. As ’n regering onveilig voel, tree hy streng op wanneer iemand teen hom praat.”
Hy bly stil. Die perdepote sterf aan die een kant weg, maar van die ander kant af kom ander perde nader.
“Dit is die agterhoede.”
“Hoeveel van hulle?”
“Dit klink na twee. As daar twee voor was, sal daar seker nie meer as twee agter wees nie.”
“Laat ons hulle verbygaan Jean, of...?”
“Nee, bly jy hierdie kant Andre en doen as volg... Ek glip gou oor na die ander kant van die pad.”
Hy verduidelik nie verder nie. Die swart gestalte skuif geluidloos agter die struik uit en soos ’n skim verdwyn dit weer aan die oorkant van die pad.
Die stemme van die naderende ruiters is gedemp, maar tog duidelik hoorbaar. Hulle klink heel op hul gemak.
“As ons vroeër vertrek het, was ons nou al daar,” brom die een.
“Wat maak dit saak? Die afstand is nog dieselfde.”
“Dit is middernag voordat ons in die Kaap aankom. Dan is die meeste van die plekke al toe. Na ’n vervelige dag soos vandag het ek lus om ’n bietjie te gaan baljaar.”
“’n Goeie nagrus sal jou goed doen.”
“Ek slaap genoeg.” Hy sug. “Nou ja, ’n soldatelewe is maar ’n hondelewe. Veral in ’n land waar oproer alewig dreig. Ek glo in elk geval nie die helfte van die stories nie. Elke keer dat ’n armsalige boertjie sy mond te wyd rek, skreeu almal hoogverraad. Elke mens mag tog sekerlik ’n opinie hê. Waar in die wêreld het jy nou al gehoor van ’n regering wat die volle steun van elke liewe lid van die bevolking gehad het! En wie moet op die ou end die spit afbyt? Ons, die arme amptenare van die staat. Ons moet tot wie weet hoe laat in die nag...”
Die woorde stol in sy keel. Hy probeer uitroep, maar kan nie ’n enkele geluid oor sy stembande stuur nie. Die staalveer wat om sy keel klem, druk sy gorrel in.

So onverwags het dit gebeur dat sy verwarde verstand nie die vaagste indruk van sy aanvaller kan vorm nie. Hy is net bewus van die drukking om sy nek en dan voel hy die ystergreep wat oor sy hand op die teuels sluit. Die perd ruk ’n keer onder hom, maar stap dan weer doodluiters verder asof die dier onbewus is daarvan dat ’n meesterhand hom nou beheer.

Die soldaat probeer tevergeefs sy kop draai. Hy rol sy oë af en sien die swart arm en hand wat van agter af by hom verbysteek en oor die rooi mou van sy baadjie strek. Daar is iemand op die kruis van die perd hier teen sy rug.

Dit dring tot hom deur dat sy maat tog sekerlik moes gesien het wat so pas gebeur het. Waarom het hy dan nie uitgeroep of hom gewaarsku nie? Hy beur sy oë na daardie kant toe en met ’n ligte skok sien hy die swart gestalte agter op die perd van die ander soldaat. Hulle is albei in dieselfde posisie. Hul aanvallers moes van agter af ligvoet op die perde gespring het en hulle tegelyk vasgegryp het. Daar is skielik koue sweet op sy voorkop, want die geluidloosheid waarmee alles plaasgevind het, wek onheilspellende en vreesagtige gedagtes in hom op..

’n Gevoel van aanraking met die bonatuurlike pak hom skielik beet en hy bewe soos ’n riet.

Maar dan word hy tot die werklikheid terug geroep. In sy oor is die gedempte stem wat hom gerusstel dat dit wel ’n menslike wese is wat hom aangerand het.

“Hou jou hand stil op die teuels, vriend. Laat die perd maar net so aanstap.”

Die soldaat sou in elk geval nie kon geroer het nie, al wou hy. Wat die bedoeling van die bevel is, weet hy nie. Die greep om sy keel bly onveranderd, maar hy voel hoe dat die ander hand van syne weggeneem word.

’n Oomblik later en sonder die minste waarskuwing tref ’n harde hou hom agter sy kop. Dit word swart voor sy oë en hy voel hoe dat hy vooroor tuimel.

Maar hy is onbewus daarvan toe die swart gestalte hom met die grootste gemak uit die saal lig en versigtig teen die kant van die pad laat neersak. Hy is onbewus van die skielike stilte in die wapad, waar selfs die gestamp van die perdepote tot stilstand gekom het.

“Dit was makliker as wat ek gemeen het, Andre,” merk Jean op, onderwyl hy van die dier se rug afskuif en lig op sy voete te lande kom. “Jy is nog rats ouman.”
“Ouman,” koggel Andre verontwaardig. “Daar is ’n hele paar dingetjies wat ek jou kan leer.”
“Heelwaarskynlik,” antwoord Jean met ’n laggie, maar dan sug hy. “Dit is jammer dat ons hulle moes katswink slaan, maar dit kon nie anders nie.”
Hy gooi die perd se teuels oor ’n bos. Sy lang, lenige gestalte buk oor die bewustelose soldaat.
“Stroop net hul baadjies en broeke af Andre. Dit sal genoeg wees. Trek die pet diep oor jou oë.”
Hy gooi die baadjie oor sy skouers en trek daarna die soldaat se kniebroek aan, maar hy laat die kamaste en die stewels bly. In die donkerte sal hul bene teen die flanke van die perde nie maklik sigbaar wees nie. Dan is hy weer in die saal. Net vir ’n sekonde of twee hoef hy vir Andre te wag.
“Ons galop nader,” gebied hy kalm. “As hulle miskien gehoor het dat ons ’n rukkie stilgestaan het, sal dit maklik wees om te verduidelik dat ons wou luister wat hier agter ons aankom.”
“Wat kom dan dalk agter aan?” verneem Andre.
“Niks, soos jy self kan hoor,” werp Jean droog terug. “Maar dit is nie die inligting wat ons nou aan die hoofmag gaan verkondig nie. Kom.”
Soos gewoonlik trek hy sonder verdere verduidelikings weg. Hy weet dat Andre hom sal volg en dat hy op ’n enkele woord of die kleinste beweging sal reageer. Hy kan hom volkome vertrou.
Hul gehoor is skerp. Dit het ontwikkel deur jarelange se avontuurlike bestaan, waarin hulle die dood om elke hoek en draai kon verwag. Hulle is bewus van die groep ruiters voor hulle, selfs nog voordat hulle hulle kan sien. En duidelik hoor hulle die uitroep.
“Hier kom ruiters van agter af aan, Kaptein!”
“Wie is dit?” wil die offisier angstig weet.
“Ek weet nie. Dit is... dit is dalk Kannemeyer-hulle. Wie kom daar aan!?” verneem hy nogtans luidkeels, asof hy meen dat die voorafgaande gesprek nie deur die naderende ruiters gehoor kon word nie.

“Kannemeyer,” antwoord Jean en sy stem is hees en plat soos hy een van die soldate hoor praat het, toe hy en Andre nog langs die pad in die bosse geskuil het. “’n Groep ruiters kom op woeste vaart agter ons aan,” kondig hy dan aan en toe hy sy perd inhou, is hy en Andre reeds by die agterste soldate verby.

“Hoeveel van hulle is daar?” wil die offisier nou gespanne weet. “Weet nie,” antwoord Jean kortaf.

“Dan moet ons spore maak!” bulder die kaptein. “Voorwaarts op volle galop!”

Jean en Andre is weerskante van die gevangene. Hy is tussen die twee rye soldate op die middelmannetjie van die wapad. Maar daar is nie van die berede troepe vlak weerskante van hom nie, omdat die pad daar te nou is. Waar Jean tussen die bossies deur gejaag het, ruk hy nou sy perd na binne. Hy stamp teen ’n soldaat wat pas sy perd onder die spore gesteek het sodat die dier op sy agterpote steier. Vlak onder sy neus jaag Jean dan verby.

Hy leun oor en gryp na die stang van die perd waarop die jong boer vasgebind sit. Op daardie selfde oomblik gee ’n soldaat van die ander kant af die perd ’n harde hou oor sy kruis. Hy het natuurlik op die kaptein se bevel gereageer en aangesien die gevangene sy perd nie vanself aan die gang sou kon kry nie, het hy dit sommer vir hom gedoen. Dit pas Jean uitstekend, want dadelik swenk die verskrikte dier saam met hom weg. Hy vat koers deur die veld tussen Jean en Andre deur.

“Kan jy nie kyk waar jy ry nie, Kannemeyer!?” bulder die soldaat voor wie se perd Jean verby gejaag het.

“Dit lyk my die vervlakste lafaard is skoon besete van die skrik,” roep die een aan die ander kant uit. “Is jy gek Kannemeyer?” voeg hy by. “Waarheen jaag jy?”

“Wat gaan daar aan!?” dreun die kaptein se stem van voor af.

“Ek weet nie,” antwoord die soldaat. “Kannemeyer-hulle is skoon op loop. Dit lyk my hulle kan nie hul perde beheer nie. Die boer se perd het agter hulle aan koers gekies.”

Intussen dring dit nog tot geeneen deur dat ’n ontvoering onder hul neuse besig is om plaas te vind nie. Die klein troepemag het pas op volle vaart gekom en is reeds ’n entjie verby die plek waar Jean-hulle die veld ingejaag het. Dan eers begryp die kaptein dat dit hom niks sal baat om

doelloos voort te jaag sonder die gevangene nie.
“Maar keer hulle voor!” brul hy ongeduldig. “Sit hulle agterna!”
Hy self ruk sy perd uit die pad en die stomme dier moet wild rondtrap om die klippe en bosse te vermy, voordat die kaptein hom effens inhou, omdat hy agterkom dat die dier nie so goed in die donkerte kan sien nie.
“Watter kant toe is hulle?”
“Hier teen die bult af,” antwoord ’n soldaat.
“Nou hou dan jul perde in!” blaf die kaptein. “Hoe de joos moet ons hoor waar hulle is as julle so ’n lawaai opskop!”
Die troepe kom vinnig tot stilstand. Na die geskreeu en die geklap van die perdepote is alles meteens onnatuurlik stil. ’n Perd proes iewers en dit klink hard in die naglug, ’n Ander swaai sy kop en die metaalklank van die stang trek ver deur die nag.
“Hou julle perde stil!” gebied die kaptein skerp en snedig, want ’n skielike onrus krap in hom.
Nêrens sien hulle ’n beweging of hoor hulle die fynste geluid nie. Nie een waag dit om ’n aanmerking te maak nie.
“Waarom sit julle daar soos ’n klomp standbeelde?” brul die kaptein dan en ’n paar van hulle ruk in die saals. “Sprei uit en begin soek. Hulle moes stilgehou en afgeklim het en kan dus nie te ver wees nie.”
Hy self roer nie en is nog nie te ver van die pad af nie. Stadig styg die onrus al hoër in hom. Huidiglik hy nog nie agterkom wat dit is wat hom so hewig ontstel nie, maar skielik besef hy dit. Die twee soldate wat die agterhoede gevorm het, was glad nie so ver van hulle af nie. As hulle ’n groep ruiters met dolle vaart hoor nader kom het, moes daardie ruiters nou lank reeds binne hoor afstand gewees het. Tensy hulle dus ook tot stilstand gekom het, het hulle nooit bestaan nie!
En as hulle nie bestaan het nie, het Kannemeyer ’n doelbewuste leuen vertel. Of was dit Kannemeyer? Hy probeer terug dink aan die hees waarskuwende roep van die man. Was dit Kannemeyer se stem of was dit nie?
Maar as dit nie Kannemeyer was nie, wie kon dit dan wees? Die troepe sou tog gemerk het as dit nie twee soldate was nie.
Hy vloek binnensmonds. Hy is gestuur om ’n gevangene in Franschhoek te gaan haal sodat hy in die Kaap verhoor kon word. Waarom so ’n groot troepemag nodig was om een burger begeleide te

doen, weet hy nie. Hy vervies hom daagliks al hoe meer vir die belaglike klomp bespiegelinge van oproer, rebellie en selfs burgeroorlog wat gedurig die rondte doen. Almal is nou al op hul senuwees. Niemand kan meer sy mond oopmaak omtrent die regering nie, sonder dat almal die skrik op die lyf gejaag word en dan sal daar nou kwansuis ’n komplot aan die gang wees en moet alle maatreëls oombliklik strenger gemaak word.

Maar dadelik bedaar sy bui weer. Wat sy persoonlike opinie ook al mag wees, het dit niks te doen met die feit dat hy ’n opdrag ontvang het om ’n gevangene in Franschhoek te gaan haal en dat daardie gevangene nou soos ’n groot speld onder sy neus uit verdwyn het nie.

Hy ruk sy perd terug na die pad. Hy klim af en stap op en neer met sy hande agter sy rug saamgeknel. Hy skrik effens toe die eerste van sy soldate na hom terugkeer.

“Het jy iets gevind?” verneem hy bars.

“Niks nie Kaptein.”

“Wag dan,” is al wat hy antwoord en hy hervat sy rustelose open-neer-wandeling in die wapad.

’n Rukkie later hoor hy die gekraak van droë takkies en ’n tweede ruiter kom tussen die struike aangesukkel. Van die linkerkant af kom ’n ander een.

“Ons het die drie perde, Kaptein,” roep een van hulle uit. “Hulle is te voet verder hier tussen die heuwels in.”

“Dan soek julle hulle!” bulder hy. “Te voet kan hulle nie te ver kom nie. Ry kruis en dwars oor elke duim van die omgewing. Sê vir die ander om aan te hou soek. Kom rapporteer hier aan my sodra julle iets vind.”

“Maar dit is baie donker,” waag een dit om te sê. “Ons sal ’n tree van hulle af verbygaan en hulle nie raaksien nie.”

“Soek!” brul die kaptein. “Hou aan met soek!”

Sy bene word skoon lam. In sy binneste styg die vrees vir die verslag wat hy sal moet lewer, as hy met leë hande by die Kasteel terugkeer.

## Hoofstuk 2

Die kaptein is alleen. Net af en toe hoor hy die gestruikel van ’n perd of die gekraak van bosse ’n ent van hom af, waar die soldate in die donkerte rondbeweeg. ’n Geskuifel nie ver van hom af nie, laat hom skielik roerloos en met ingehoue asem stilstaan. Die geluid word herhaal. Versigtig skuif die kaptein uit die diep waspoor en gaan hurk agter ’n struik. Sy vingers klem om die koel kolf van sy pistool en hy trek dit versigtig uit die skede.

Hy hoor ’n gesteun soos van iemand wat of uitgeput of beseer is. Hy wonder of dit miskien een van die vlugtelinge kan wees, maar hy kan nie onthou dat ’n enkele skoot tydens die ontsnapping gevuur is nie. Ook kan die soldate nog nie so ver weg wees dat een van hulle op iemand geskiet het, sonder dat hy dit gehoor het nie.

Hy loer oor die struik. Sy nekhare voel kriewelrig asof hulle orent staan. Skaars tien tree van hom af sien hy die spierwit gestalte wat ’n voet of wat bo die grond aansweef. Koue sweet slaan oor sy hele liggaam uit, maar jare van harde dissipline hou hom in sy spore vasgeanker.

Stadigaan verdwyn die indruk van die bonatuurlike. Die wit gestalte beweeg ruk-ruk en duidelik hoor hy nou die geklap van stewels op die klei. En ’n oomblik later kan hy duidelik sien dat dit ’n man is in ’n wit langmou-onderhemp en onderbroek, met lang pype wat in swart kamaste verdwyn. Hy glimlag suur vir homself. Hy verstaan nou hoekom dit gelyk het asof die gestalte in die lug sweef. Die kamaste en stewels was in die donker onsigbaar. Hy kom stadig orent.

“Wie gaan daar?” roep hy skielik hardop en die wit gestalte ruk tot stilstand. Vir ’n oomblik is daar net die hygende asemhaling en dan kom dit stotterend en moeg.

“Dit... dit is Kannemeyer, Kaptein.” Die soldaat het die offisier se stem herken.

“Kannemeyer?” roep die kaptein verskrik uit en storm om die bos tot vlak voor die stomme man. “Waar de joos kom jy vandaan? Wat het gebeur? Waar is jou uniform? Wat...?” Hy hou op met praat. Selfs voordat Kannemeyer ’n woord kan uitkry, dring ’n gedeelte van die waarheid tot die kaptein deur. Met ’n sug van hulpeloosheid steek hy die pistool in sy skede terug.

“Hulle het ons van agter af aangeval, Kaptein,” verduidelik Kannemeyer, onderwyl hy oneerbiedig voor die kaptein op die grond neersak.
“Maar wie was dit?” wil die kaptein skerp weet.
“Ek weet nie.” Kannemeyer skud sy kop moedeloos. “Dit was twee swart gestaltes. Toe ons weer sien, sit hulle agter ons op die perde en druk ons kele toe. Daarna het hulle ons katswink geslaan en toe ek bykom, was ek sonder my uniform.”
Die kaptein antwoord nie. Twee swart gestaltes. Twee swart gestaltes wat uit die nag verskyn en hul gevangene ontvoer het.
“Maar... maar waar is die troepe?” begin Kannemeyer versigtig en verwonderd. “Wat doen Kaptein hier...?”
“Hulle soek na die gevangene,” antwoord die kaptein kortaf. “Ons het gemeen dat dit julle is wat agter ons aangejaag kom en voordat ons ons oë kon uitvee, het die twee, wat natuurlik julle uniforms aangetrek het, met die boertjie tussen ons uitgejaag en oor die bulte verdwyn. Die manne soek na hulle.” En dan dring sy verantwoordelikheidsbesef tot hom terug. “Is jy ernstig beseer? Waar is jou maat?”
“Dit is net ’n skramshou agter die kop, Kaptein. Fred kom nog agter my aan.”
“Julle perde is reeds gevind. Vat hulle en loop haal jou maat.”
Toe die soldaat met die pad langs terugry, hervat die kaptein maar weer sy rustelose wag. Af en toe keer van die manne na hom terug, maar hy jaag hulle weer dadelik die veld in. Solank hulle maar net daar rond bly, verhoed hulle so dat die vlugtelinge te ver kom en sodra dit lig word, sal hulle maklik uit hul skuilplek verwilder kan word.
Maar toe die dag breek, is die dou-blink veld stil en vreedsaam om hom heen. Die eerste paar soldate wat verslag kom lewer, word bars en ongeduldig op die spoor van die ontvoerders se perde gestuur. Die kaptein vloek, want hy weet dat sy manne kruis en dwars spore deur die veld gemaak het en dus deeglik gesoek het. Tog word hy ’n rukkie later meegedeel dat hulle die plek gevind het waar die drie perde die vorige nag ontdek is. Daarvandaan volg hulle die voetspore van die drie mans. Die kaptein ry vooraan. Die spore is vars en daar is geen poging aangewend om hulle uit te wis nie.
Omtrent ’n myl terug kruis hulle die wapad en teen die hang van ’n vlak

bult is dit duidelik waar die vlugtelinge ’n paar perde bestyg het. Op ’n draffie ry die klein troepemag oor die bult en met ’n wye draai bereik hulle uiteindelik Blaauwberg strand. Hier loop die spore loodreg die see in.
Die kaptein ruk sy perd Kaap se kant toe. Met ’n kort, woedende bevel roep hy sy manne agter hom aan.
Dit is vir hom maar te duidelik wat die vlugtelinge gedoen het. Hulle kon na die een of ander kant toe, al op die rand van die spelende branders langs gejaag het. Hulle spore is lank reeds toegespoel. En sonder om die moeite te doen om daarna te soek, weet die kaptein dat sy prooi van die waterkant af sou weggedraai het op ’n plek, waar honderde ander spore hul eie sou versteek.
Dit is ’n ruk na sonop toe hulle deur die Kasteelpoort jaag. Die wagte spring op aandag en salueer. Die kaptein knik nie eens in hul rigting nie. Hy swenk na die offisierskwartiere toe en gooi die teuels vir ’n staljong. Hy is nog maar ’n jong man en het sy spore gou verdien. Hy glo nie daaraan om iewers te gaan wegkruip en sy wonde te lek nie. Hy onthou die raad van sy ou vader. Doen die dinge wat jy vrees eerste. Sy lippe is ferm saamgepers toe hy oor die binneplaas in die rigting van die Kat stap.
Daar is reeds heelparty van die Kasteelbewoners in die omtrek. Hulle gesels in groepe bymekaar en geniet die vars seelug en die strelende strale van die oggendson. Die kaptein kyk egter nie na links of regs nie. Hy kan die gebrom van hul stemme hoor en af en toe die helder gelag van ’n jong dame. Hy word eers bewus van die twee mans wat hom tegemoetkom, toe hulle ’n paar tree van hom af is.
“Goeiemôre kaptein O’Grady,” groet die een opgewek.
“Môre Baron,” antwoord O’Grady effens kortaf, maar tog beleef omdat hy ten volle besef met wie hy te doen het. Hy wil verbystap, maar toe die ander twee gaan staan en maar te duidelik te kenne gee dat hulle ’n woordjie met hom wil wissel, het hy nie veel keuse nie. Hy onderbreek dadelik sy gang.
Hy ken albei goed. Baron Anton Brezard is op besoek aan die Kaap. Hy is ’n geëerde gas van die Goewerneur self en besit een van die grootste handelsvlote, wat op die roetes om die Kaap na die Ooste en terug na Europa vaar. Sedert die ondergang van die Oos-Indiese Kompanjie het

hierdie Franse edelman ’n ongeëwenaarde magsposisie in die sakewêreld opgebou.
Maar O’Grady vervies homself vir die teenwoordigheid van die ander jong man. D’Arcy Cunningham is sonder twyfel die grootste skinderbek aan die Kaap. Daar is eenvoudig niks wat sy skerp ore nie vroeër of later te hore kom nie en daar is ook niks wat lank agter sy lippe verskuil bly nie. O’Grady wend dus sy oog af van die uitspattig geklede jong windlawaai en kyk na die netjiese gestalte van die statige aristokraat wat juis op daardie oomblik verneem.
“Jy lyk moeg en uitgeput, kaptein O’Grady. Ek het verstaan dat jy daardie jong Bertus van Graan in Franschhoek gaan haal het.”
“U het reg verstaan,” antwoord O’Grady koel.
“Dit was dus nie ’n aangename reis nie?” Die Baron se wenkbroue het ’n fyn bogie gemaak toe hy die ander se uitdrukking sien en die toon van sy stem hoor.
“Dit was inderdaad nie, Baron,” gee die kaptein sondermeer toe. “Die gevangene het ontsnap.”
“Ontsnap!?” Soos dit ’n edelman betaam, toon hy net die regte mate van verbasing. Dan klik hy sy tong en dit vererg O’Grady.
“Ek kan in elk geval nie verstaan waarom daar so ’n bohaai gemaak word oor ’n jong burger wat sy mond in ’n tappery verby praat nie. Die kêreltjie lyk vir my heel onskadelik.”
“Dit is nie ’n saak vir ons om oor te besluit nie,” antwoord die kaptein ewe sedig, maar die jong D’Arcy kan homself nie langer beteuel nie. Die storie van Bertus van Graan se uitlatings en die feit dat kaptein O’Grady gestuur is om hom aan te keer, het hy al gehoor. Dit is vir hom ou nuus, maar hierdie ontsnapping, dit is kos vir die honger mae van sy skindertonge.
“Maar sê my Kaptein,” roep hy uit, “wat het toe gebeur!?”
“Het hy ontsnap!” blaf O’Grady en wend hom tot die Baron. “U moet my asseblief verskoon,” versoek hy beleef. “Ek moet verslag gaan doen aan die kolonel.”
“Maar Kaptein,” hou Cunningham vol en val langs die offisier in. “Hoe presies het hy ontsnap?”
“Twee swart gestaltes het uit die nag verskyn en hom tussen ons uitgetoor!” snou O’Grady hom toe. Tot sy verbasing gaan staan D’Arcy

stokstyf asof ’n weerligstraal hom getref het. O’Grady steur hom egter nie langer aan die klein japsnoet nie. Vasberade stap hy die Kasteel binne op soek na die kolonel.
Langs D’Arcy staan die Baron. Hy kyk die kaptein ’n oomblik lank agterna en dan lig sy wenkbroue weer toe sy oog op die doodsbleek gesig van sy vriend val. Hy het uitdruklik gehoor wat die kaptein gesê het, maar dat dit so ’n reaksie by Cunningham kan wek, is vir hom onverstaanbaar.
“Dit lyk asof jy ’n spook gesien het, D’Arcy” merk hy so geselsend en geamuseerd as moontlik op.
Dit lok egter geen geestigheid by D’Arcy uit nie. Stadig wend hy hom tot Brezard. Sy oë staan steeds stokstyf in sy kop.
“Die Buiter!” kom dit sidderend oor sy lippe.
“Die Buiter!?” roep Brezard fronsend uit. Dit is vir hom duidelik dat Cunningham dodelik ernstig is.
“Het jy nog nie van die Buiter gehoor nie?” kom D’Arcy se stem diep uit sy keel.
“Ek verbeel my dat...”
“Die Buiter wat uit die nag verskyn asof hy vorm vat uit die duisternis.” D’Arcy se oë staar in die verte asof hy beelde sien wat vir ander onsigbaar is. “Die Buiter wat deur die mure van die Kasteel kan stap asof die klippe soos die waters van die Rooi See voor hom padgegee het. Die Buiter wat sy...”
“D’Arcy,” sê die Baron skerp, half bevrees dat die jong man besig is om sy sinne te verloor, “sal jy asseblief vir jou regruk en my sê waarvan jy praat!”
Stadig keer D’Arcy tot die werklikheid terug. Die bloed vloei weer in sy wange en sy oë vonkel. Nuus! Hy het nou baie nuus om oor te vertel. Die Buiter het toegeslaan en wie in die ganse Kaap is daar wat meer weet van die Buiter as juis hy, D’Arcy Cunningham!
“Kan jy dan nie verstaan wat gebeur het nie Baron?” roep hy opgewonde uit. “Kaptein O’Grady moes vir Van Graan in hegtenis gaan neem het omdat hy teen die regering gepraat het. Wie anders as die Buiter sal dadelik tot sy redding kom? Wie anders...?”
“Wie anders ja,” koggel die Baron, maar sy gesig is ernstig. “Wie is die Buiter?”

“Dit weet niemand nie,” antwoord D’Arcy geredelik. “Wie hy is of waar hy vandaan kom, weet niemand nie, maar sodra iemand sy mond teen die regering oopmaak, staan die Buiter aan sy sy. Dan is die ganse leërmagte aan die Kaap en die dikste mure nie bestand teen sy aanslae nie. Dan swaai die seldeure voor hom oop en verdwyn die gevangenes soos...”

“Maar het hierdie Buiter al ooit ’n poging aangewend om teen die regering te rebelleer?”

D’Arcy word dadelik tot swye geskok deur die vraag. Dit is asof die woorde van die baron hom skielik daaraan herinner dat hy versigtig moet wees wat hy sê.

“Wel... wel, ek weet nie,” antwoord hy stadig. “Gewoonlik help hy altyd ander.”

“O.” Die baron glimlag, maar sy oë bly koud. “Verskoon my, D’Arcy, ek het ’n afspraak met admiraal De Villefort.”

D’Arcy buig net liggies. Daar is genoeg ander aan wie hy hierdie nuwe verrassende nuus kan gaan oordra. Reeds het daar in sy verbeeldingryke brein talle tonele van die nag se ontvoering hulle afgespeel. Laat die baron maar met sy admiraal gaan gesels.

Die baron gooi die fyn kant om sy gewrig terug en hy knik liggies na weerskante toe, toe hy by ’n paar groepe geselsendes verbygaan. Talle van die jong dames kyk hom ’n oomblik met vonkelende oë agterna. Hy is lank en aantreklik en op sy gesig en in sy houding is die stempel van die adelstand.

Eers toe hy die deur van die besoekerskwartiere agter hom toetrek, verdwyn ’n gedeelte van Anton Brezard se statigheid. Hy stap haastig in die gang af en sonder om te klop, stap hy by ’n deur in.

Agter ’n lessenaar kyk ’n bejaarde man vinnig op. Hy is kort van gestalte met breë skouers en ’n massiewe kop. Sy hare is kort, krullerig en ongepoeierd en sy wenkbroue is so woes sodat sommige van die lang hare half oor sy oë hang.

“Wat is dit, Anton?” verneem hy skerp, want aan sy uitdrukking is dit duidelik dat hy nie van hierdie onbeleefde optrede hou nie.

“Van Graan het ontsnap!” bars Brezard uit.

“Maar wat maak dit saak? Waarom is jy so vervlaks omgekrap?” De Villefort se stem is koel en saaklik. “Hy kan tog sekerlik weer